Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford
21 March 2025 PRYS / PRICE R12.00 243rd Edition

# Excitement of Franskraal Art Route

The 2025 Franskraal Art Route is almost here - and not to be missed. The Franskraalstrand Ratepayers and Residence Association invites you to join them for a profound and creative journey as they explore the power of words and art - starting on **Friday, 18 April 2025** at the well-known Eilandhuisie in Franskraal. The last day of the Franskraal Art Route will be on Monday, 21 April 2025.




The full programme will be published in the next edition of the Gans-Berg News - and readers can without any doubt look forward to an exciting programme.

*Only to mention a few of the events:*
Various Word Artists dedicate their talents to the crucifixion of Christ the Redeemer; Writing as therapy; Colour your sound; Resurrection discussion; Bonsai History and demonstrations; Lucky Draws. Don't miss this unforgettable Word Art experience! Dries Dreyer can be contacted at 082 332 9386 for more information.

**Meet our first 4 Artists**

*Trevor Ackermann* - He enjoys the outdoors, and visitors will see that being reflected in his paintings. He has been painting for about 40 years - as a hobby. Trevor has worked in creative fields and sold his work through the years.


*Laurenda van Breda* - She is a nature-inspired Fine Art Photographer whose Cyanotype artwork features our Cape's unique biodiversity, but for the Franskraal Art Route, her exhibition will focus on and highlight the natural beauty of Franskraal through her photographs, botanicals and other nature-sourced materials.

*Sabine Arendt-Stumpfe* - With a lifelong passion for arts and crafts, she has explored various mediums, from sewing and doll-making to painting. Her artistic journey, spanning 25 years, was rekindled three years ago in Franskraal, where she discovered a new love for abstract art inspired by Namibia's vibrant colours and rich cultural heritage. Influenced by Hundertwasser, Miró, and Kandinsky, her style blends bold colours, symbolic motifs, and emotive textures, inviting viewers on a visual journey exploring reality and imagination.

*Mimmie Pienaar* - She is a Fine Artist, qualified and an experienced Art teacher. Mimmie is the owner of the Sea View Art Centre. She studied at Stellenbosch Sorbonne Paris and the University of Cape Town. Mimmie practice and play with a variety of art forms, appreciates individualism and independent spirit in people's Lives close to the sea in Franskraal.

The Gans-Berg News will, on a weekly basis, publish information and pictures with regards to the participating artists.

**Hardus Botha**


Trevor Ackermann


Laurenda van Breda


Sabine Arendt-Stumpfe


Mimmie Pienaar










# Pearly Beach se Wêreldbiddag vir Vroue Tradisies van die Cook-Eilande uitgebeeld



*Elouice Werth en Wernadine van Rensburg*

Wêreldwyd word die eerste Vrydag van Maart tradisioneel vir vroue vanoor die wêreld gebruik om bymekaar te kom, stil te raak en te saam te bid. "Vanjaar was dit die 95ste viering van die Wêreldbiddag vir Vroue en die Vrouediens van die NG-Kerk in Pearly Beach het 'n pragtige geleentheid aangebied," vertel Retha Vos, Sekretaresse.



*Wernadine van Rensburg, Alethia Grobler (spreker) en Elaine Baard (voorsitter).*

"Jaarliks kry verskillende lande 'n beurt om die program saam te stel en vanjaar is dit deur die vroue van die Cook-eilande opgestel." Tradisies van daardie vroue word dan ook uitgebeeld.



*Uitbeelding van eienskappe van die Cook-eilande*

Retha sê hulle byeenkoms in Pearly Beach is deur sowat 50 vroue bygewoon, waarvan ongeveer die helfte besoekers van onder andere De Kelders, Gansbaai, Kleinbaai en Franskraal was. Elouice Werth en Wernadine van Rensburg het die dames in die voorportaal verwelkom. "Onder leiding van Alethia Grobler, voorsitter Elaine Baard en Wyk 4 se bekwame dames, is die tradisies en gebruike van die vroue van die Cook-eilande in die kerk uitgebeeld," het Retha gesê. "Daar is nagedink oor die tema, 'U het my volmaak geskape', met verwysing na Psalm 139:14."

Die vroue het kleurvolle Rascals-lekkertjies gebruik om die werking van die Heilige Gees in vroue, wat wêreldwyd saambid, uit te beeld. "Die vroue kon na vier voorlesers luister, het heerlik saamgesing, saamgebid en geleentheid is ook gegee om gevoelens met speelklei uit te beeld," vertel Retha. "Die kollekte sal vir Bybelverspreiding aangewend word en die dames was dit eens: dit was vir almal 'n besonderse geleentheid!"

**Hardus Botha**



*Voorstelling van eenheid deur die Heilige Gees met kleurvolle Rascals-lekkertjies*

# 24-year-old women raped

A 24-year-old black female from Masakhane was raped on 12 March 2025 around 11:00. The complainant was at her place of residence's, asleep in her bedroom when the suspect went straight inside the house.

Her boyfriend works for the suspect and was dropped off by the suspect at the building site where her boyfriend works. The suspect then went back to the house where he raped the 24-year-old victim. The victim went and informed her pastor who immediately brought her to the police station to open a rape case. The victim was taken to Hermanus Hospital and is still undergoing counselling.
The suspect, a 51-year-old coloured male, was arrested, and appeared before the Hermanus Magistrates Court on Thursday, 13 March 2025. He was sent to the Caledon prison and will appear again before the Magistrate Court on 24 March 2025 for a bail application.

Gansbaai SAPS opened a case docket and transferred it to Hermanus FCs Unit for further police investigation

**Sergeant Abigail Naidoo: Communication Official**

# Raaisel oor uitgespoelde 'plante'



Die Gans-Berg Nuus is gekontak oor '*vreemde plante*' wat onlangs by Skulpiesbaai uitgespoel het. Susan Olivier het foto's geneem en die navraag aan die Gans-Berg Nuus gestuur, omdat dit vir haar 'eienaardig' voorgekom het.

Met die onlangse bootrit op Wilfred Chivell se *Dream Catcher*, is daar met die terugkeer na Kleinbaai Sleephelling, baie van dieslfde plante, drywend in die seewater, gesien. Verskeie navrae is aan bekendes gerig. Hulle het almal laat weet hulle dink dit is rooiaas, of dalk 'n tipe van rooiaas.
Hoe lyk dit met ons mariene-kundiges? Kan ons dalk sekerheid oor die verskynsel kry? Kundige kommentaar in hierdie verband sal opreg waardeer word. Laat gerus van julle hoor deur my by 082 786 0494 te skakel, óf stuur 'n




WhatsApp na dieselfde nommer, óf stuur 'n e-pos aan info2@gansberg.co.za.
Ons hoor graag van julle.
(*Foto's: Susan Olivier*)


**Hardus Botha**

# New Moraea iris species discovered

Fynbos-lovers will find the discovery of a newly described moraea iris species discovered outside Stellenbosch - the "Miracle" iris emerges after decades under a pine plantation. The plant has been hailed by plant lovers and conservationists as a botanical miracle.
This one of more than 1,200 indigenous Iridaceae (Iris family) species in Southern Africa, was discovered by botanist Dr Brian du Preez, a Smuts Fellowship post-doctoral student at the University of Cape Town (UCT). Dr



***The beautiful newly discovered Moraea iris plant***



***The newly discovered plant was found after the felling of a pine plantation.***

du Preez had been carefully monitoring the slopes of Botmaskop after pine-felling in the former plantation area, which is owned by the municipality. The discovery, together with three other recently discovered new indigenous Iridaceae species, was announced in the latest issue of the SA Journal of Botany. The other three discoveries were made by botanists John Manning, Nick Helme and NT Moolman.
This formal scientific description of the new plant allowed Dr du Preez to proclaim his discovery as follows: "Rising from the dead! A new, critically endangered Moraea species emerges". The plant, now scientifically described, emerged from ground cleared by the felling of a decades-old pine plantation. The species name is Anastasia, from the Greek word meaning "resurrection". The newly discovered plant is just 50 metres away from a huge residential estate development where work has been temporarily stopped by court action. The formal scientific description of the species will now allow it to be protected by law as it will be "red-listed" as a critically endangered species.
More detail of this exciting discovery can be found on the following website: https://groundup.org.za/article/new-plant-discovered-in-stellenbosch/
(Article shortened)
(Photos: Brian du Preez)

***Hardus Botha***









# Street Imbizo in Blompark

Gansbaai SAPS held a Street Imbizo on Wednesday, 12 March 2025 in Blompark for the community. The purpose of the Street Imbizo is to educate the community about domestic violence and substance abuse - pamphlets were distributed. The SAPS members were friendly received.

**Sergeant Abigail Naidoo: Communication Official**









# Rustige koffietjie...toe die slag van 'n botsing

"Ek en Marie sit nog rustig en geniet 'n koffietjie in Gansbaai Coffee Co, toe hoor ons die slag van 'n botsing," vertel Gerrit Cloete. "Min wetende dat my motor, wat 'veilig' in 'n parkeerruimte gestaan het, 'onskuldig' deel van die botsing was!"

Die botsing in Kerkstraat op Donderdag, 13 Maart 2025 voor Gansbaai Coffee Co en oorkant die Shell Motorhawe, het omstanders groot laat skrik, maar gelukkig was daar nie beserings nie. 'n Landrover was by Gansbaai Coffee Co geparkeer en het weggetrek sonder om die aankomende Ford Ranger bakkie, wat in Kerkstraat aangekom het, te sien. Die bakkie het die Landrover getref en teen Gerrit Cloete se Hunday i10, in die parkeerruimte voor Coffee Co, met geweld teen die regter-agterdeur vasgedruk. Die bakkie, wat baie erg aan die linker voorkant beskadig is, het 'n entjie verder tot stilstand gekom.

Cassie Carstens van Overstrand Medical Rescue, verkeersmanne, Overstrand Fire Rescue en Gansbaai SAPD-lede was vinnig op die toneel. "Toe ek die oproep van 'n botsing voor Gansbaai Coffee Co, waar ek gereeld koffie drink, kry, het ek dadelik gereageer, maar by myself gedink iemand skeer gek met my om te kom koffie drink," het Cassie agterna met 'n glimlag gesê.



*Die Landrover teen Gerrit Cloete se Hunday i10*

"Toe is daar sowaar 'n botsing!" (*Foto's: Gans-Berg Nuus*)

**Hardus Botha**



*Die erg-beskadigde Ford Ranger bakkie*



*Kerkstraat-botsing*



The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.

Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*

# Vieringe by Soaring Eagles …



Neem jou uit die woestyn en loop jy in 'n wereld van groen lower, watervalle en rustigheid met die klank van voels wat chirp en die stilligheid jou gemoed oorval van vrede.
Dit is hoe ek dit kan beskryf as jy by Soaring Eagles Guest Lodge & Day Spa inloop.

Ons was gelukkig om kaartjies te kon kry voor als uit verkoop was vir, Saterdag 15 Maart 2025. Die viering van Soaring Eagles se 7de bestaansjaar.

Neena Muller en haar man, eienaars, het hulle personeel vir hulle uitsonderlike diens bedank met 'n geskenkie in die hand en haar man wat van die staanspoor af haar by gestaan het met die uitleg en bou van hierdie pragtige plekkie, weg gesteek op die grondpag tussen Baardskeerdersbos en Napier.

Tydens die geselligheid is verversings aan die gaste voorsien




met champagne as 'n welkom-drankie, asook 'n geskenkie aan elkeen. En die geluktrekkings het ook vir lekker lag en opwinding gesorg.
Ons Gans-Berg Nuus span wil ons opregte waardering uitspreek vir 'n baie aangename kuier.

*Michelle van Zyl*

**Trotse oupa/ouma**
**In De Kelders is 'n trotse oupa en ouma, die bekende egpaar De Waal en Cariena de Waal - hoe dan nou anders? Hulle kleindogter van Prins Albert Hamlet, Lizé de Waal (16), het aan die Boland se One Day & T20 Club Champs deelgeneem, terwyl sy ook die spankaptein is. Lizé se ouers is Arno en Esté de Waal. "Talent wins Games, but Teamwork wins Championships!", is hulle gepaste leuse. Lizé hurk links in die voorste ry. Hardus Botha**










## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### ERRATUM

**ERF 715, 52 STEYN STREET AND ERF 716, 25 FRONT STREET, DE KELDERS: APPLICATION FOR REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS, SUBDIVISION AND CONSOLIDATION: MESSRS WRAP PROJECT OFFICE ON BEHALF OF DR VIRGINIA BUSER AND NOVEL IDEA TRADING 113 CC**

Notice is hereby given in terms of Section 47 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law) that Municipal Notice 44/2025, dated 13 & 14 March 2025 is hereby amended to reflect the correct property details as detailed below:

*Erf 715, 52 Steyn Street and Erf 716, 25 Front Street, De Kelders*

The closing date for comment is extented to **Friday, 25 April 2025.**

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### ERRATUM

**ERF 715, STEYNSTRAAT 52 EN ERF 716, FRONTSTRAAT 25, DE KELDERS: AANSOEK OM OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELAKTE VOORWAARDES, ONDERVERDELING EN KONSOLIDASIE: MNRE WRAP PROJECT OFFICE NAMENS DR VIRGINIA BUSER EN NOVEL IDEA TRADING 113 CC**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 47 van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning,2020 (Verordening) dat Munisipale Kennisgewing Nr. 44/2025, gedateer 13 & 14 Maart 2025 hiermee gewysig word ten einde die korrekte eiendomsbeskrywing te reflekteer, soos hieronder uiteengesit:

*Erf 715, Steynstraat 52 en Erf 716, Frontstraat 25, De Kelders*

Die sluitingsdatum vir kommentaar is verleng tot **Vrydag, 25 April 2025.**

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### ISAZISO ESILUNGISIWE

**ISIZA 715, 52 STEYN STREET, & ISIZA 716, 25 FRONT STREET, DE KELDERS: ISICELO SOKUSUSWA KWEZITHINTELO NGOKWEMIGAQO, UKWAHLULWA NOKUHLANGANISA: WRAP PROJECT OFFICE EGAMENI DR VIRGINIA BUSER & NOVEL IDEA TRADING 113 CC**

Isaziso sinikwe apha ngokweCandelo lama-47 loMthetho kaMasipala oLungisiweyo we-Overstrand kuCwangciso lokuSetyenziswa koMhlaba kaMasipala, wowama-2020 (uMthetho kaMasipala) wokuba iSaziso sikaMasipala 44/2025, somhla we-13 & 14 kweyoKwindla 2025 sihlonyelwe ukubonisa iinkcukacha zepropati ezichanekileyo njengoko kucacisiwe ngezantsi:

*Isiza 715, 52 Steyn Street kunye Isiza 716, 25 Front Street, De Kelders*

Umhla wokuvala wokunika izimvo uxhomekeke kuLwesihlanu, umhla **wama-25 kuTshazimpuzi ngowama-2025.**

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 57/2025

153138

# Ons Jeug mag maar Basaar hou

Ja-nee, dit is nie net volwassenes wat gesellige basaars kan reël nie, ons Jeug kan dit ook doen (darem met 'bietjie' hulp van ouers!). Op Vrydagaand, 14 Maart 2025 kon die Pretoriussaal met 'n miernes vergelyk word - dit was die NG-gemeente se Jeugbasaar, met ander demoninasies wat die gesellige basaar eweneens geniet het.

Te ete en te drinke was in oorvloed beskikbaar, asook tafels met allerlei interessanthede om te koop. Die speletjies is terdeë geniet - vanaf gesiggies verf, kussinggevegte op 'n paal, skilderkuns en selfs kettie-skiet, glo dit of nie, en baie meer. Geluk aan ons jeug en ouers met 'n gesellige en suksesvolle Jeugbasaar.

**Hardus Botha**







## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### LEASE OF MUNICIPAL PROPERTY: ERF 4459 GANSBAAI

Notice is hereby given that Council received an application for the renewal of the lease of municipal property, being Erf 4459 Gansbaai, situated in Boegoe Street, Beverley Hills, Gansbaai in terms of Council's Administration of Immovable Property Policy, 2015.

| | |
|---|---|
| Applicant: | S.H.A.R.E |
| Locality: | Boegoe Street, Gansbaai |
| Purpose: | Operating an Early Childhood Development Centre, providing skills development and a feeding scheme |
| Lease period: | 9 Years and 11 months |
| Size: | 371m² |

The application can be viewed during normal office hours **by appointment** at the Property Management Offices, c/o Molteno and Viljoen Street, Onrustrivier. Enquiries must be directed to **Mrs Rovaida October, 028 316 5611/ roctober@overstrand.gov.za**.

Any comments on the proposed lease must be properly motivated in writing and be lodged at the undersigned by no later than **21 April 2025**.

The Municipality may refuse to accept comments received after the closing date. Persons who are unable to read or write can submit their objection/comments verbally at the Municipal Offices, Magnolia Street, Hermanus, where they will be assisted by a staff member to put it in writing.

**Date: 21 March 2025**

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### VERHURING VAN MUNISIPALE EIENDOM: ERF 4459 GANSBAAI

Kennis geskied hiermee dat die Raad 'n aansoek ontvang het vir die hernuwing van 'n huur van munisipale eiendom, synde Erf 4459 Gansbaai, geleë in Boegoestraat, Beverley Hills, Gansbaai ingevolge die Raad se Beleid op die Administrasie van Onroerende Eiendom, 2015.

| | |
|---|---|
| Aansoeker: | S.H.A.R.E |
| Ligging: | Boegoestraat, Gansbaai |
| Doel: | Bestuur van 'n Vroeë Kinderontwikkeling Sentrum, verskaffing van vaardigheids-ontwikkeling en 'n voedingskema |
| Huurtermyn: | 9 Jaar en 11 maande |
| Grootte: | 371m² |

Die aansoek is gedurende normale kantoorure **per afspraak** ter insae by die Eiendomsbestuur kantore, h/v Molteno- en Viljoenstraat, Onrustrivier. Navrae moet gerig word aan **Mev Rovaida October, 028 316 5611 / roctober@overstrand.gov.za**.

Enige kommentaar op die voorgestelde verhuring moet behoorlik gemotiveerd en skriftelik wees en die ondergetekende voor of op **21 April 2025** bereik.

Die Munisipaliteit mag weier om kommentare na die sluitingsdatum te aanvaar. Indien 'n persoon nie kan lees of skryf nie, kan so 'n persoon sy/haar beswaar/kommentaar mondelings by die Munisipale Kantore, Magnoliastraat, Hermanus aflê, waar 'n personeellid sal help om dit op skrif te stel.

**Datum: 21 Maart 2025**

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### UKUQESHWA KWEPROPATI KAMASIPALA, ISIZA 4459 E GANSBAAI

Kukhutshwa esi saziso sokuba iBhunga lifumene isicelo sokuhlaziywa kwesicelo sokuqeshwa kwepropati kaMasipala, esikwi Siza 4459 eGansbaai, esikwi sitalato iBoegoe, Beverly Hills, eGansbaai ngokungqinelana nomGaqo-nkqubo weBhunga ongoLawulo lweePropati ezingenakuSuswa ka-2015.

| | |
|---|---|
| Umceli: | S.H.A.R.E |
| Indawo: | Boegoe Street, Gansbaai |
| Injongo: | Ukuyisebenzisa njenge Ziko lophuhliso labantwana abancinci, ukunikeza izakhono zophuhliso kunye neSicwangciso sokutyisa |
| Ixesha lokuqeshwa: | Iminyaka elithoba(9) nee-nyanga ezilishumi elinanye(11) |
| Size: | 371m² |

Isicelo singabonwa ngamaxesha okusebenza aqhelekileyo ngokuthi **wenze idinga** neOfisi yoLawulo lweePropati, ekwikona yeziTalato i-Molteno neViljoen, e-Onrust River. Imibuzo mayijoliswe **kuNkszn. Rovaida October, 028 316 5611/ roctober@overstrand.gov.za**.

Nayiphi na inkcazo ekhaba oku kuqeshwa kundululwayo kumele izathuzwe ngokufanelekileyo ngokubhaliweyo kwaye ingeniswe kulowo utyikitye apha ngezantsi ungadlulanga umhla we: **21 ekaTshazimpuzi 2025**.

U-Masipala unokwala ukwamkela izimvo ezifunyenwe emva komhla wokuvala. Nabani na umntu ongakwaziyo ukufunda okanye ukubhala angandwendwela iSebe likaMasipala elingasentla apho igosa likaMasipala liya kubancedisa ekwenzeni izimvo zabo.

**Umhla: 21 eYokwindla 2025**

DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 49/2025

153033

# Women in Business

## EMPOWER AND THRIVE




DR Ruth Theron

*General Practitioner*

DIE GROTER GANSBAAI

Weekends (Fri - Sun) and Public Holidays

Whatsapp call / message (+27) 082 852 1575





***Dr Ruth Theron*** *with over 30 years of dedicated service, Dr. Ruth Theron is a compassionate and skilled General Practitioner committed to delivering exceptional patient care. Known for her meticulous follow-ups and empathetic listening, Dr. Theron has earned the trust and loyalty of her patients, who return time and again for her unparalleled care*


Fisioterapeut / Physiotherapist

Hanneke De Wet
B.Sc. Fisio. (Stell)
Praktyk nr./Practice no.
072 000 0262501

Sel: 082 530 8939

21 Barnard Straat, Gansbaai, 7220.
P.O. Box 663, Gansbaai, 7220.
hannekedewet21@gmail.com

*Ek hou daarvan om betrokke te wees, onder ander by die skool en die gemeenskap en om tussen mense te wees. Ek het 'n positiewe uitkyk op die lewe en hou daarvan om georganiseerd te wees, met deeglike beplanning wat van kardinale belang is - dis net lekker vir my om 'n verskil te maak, waar ek my ookal bevind.*


Walker Bay PEST CONTROL SINCE 1996

028 316 3010 • 082 894 4652
office@wbpestcontrol.co.za

Beetle Inspections, Fumigations & Treatments
Household & Industrial Pest Control
Registered with the Department of Agriculture & SAPCA




*The success of Walker Bay Pest Control consists of strong communication relationships with both client and staff.*

*Believing in your staff and product and following up with the client regularly ensures trust and satisfaction.*

*Leatitia Coetzer*


Kaliko

BOUTIQUE FABRIC SHOP

076 474 8715 · 083 236 9514




*Kaliko has been established 3 years ago as an creative, colourfull space for all women that loves fabrics, interior and unique handmade gifts. We empower local women to assist with sewing and also sell and promote their products in the shop.*
*The shop is an example that a lot of Growth and Happiness may happen creative women work together towards the same goals.*



GansBerg Nuus/News

Contact us to Advertise:
Michelle: 078 010 8286 - michelle@gansberg.co.za
Saskia: 068 697 9945 - saskia@gansberg.co.za
Have a story you want to share?
Hardus: 082 786 0494 - info2@gansberg.co.za




*Vroue het altyd drome.. So dit is waar ek my droom 'n werklikheid gemaak het.*
*Liefde vir mense, my hulp aan te bied en 'n verskil te maak. Al is dit hoe klein, glo ek as jy iets vir iemand doen met die regte intensies, sal dit altyd 'n sukses wees. Wees beleefd, opreg, eerlik en hou ander se gevoelens in ag en dink altyd uit die boks uit. Elke dag is 'n nuwe dag met groot verwagtinge, leef dit!!!*
*Uit die Uitgewer se pen - Michelle*





# Brain Teasers / Kopkrappers

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 5 | 1 | | | | 2 | |
| | | 6 | | | 4 | | | |
| | | | 9 | | | | | 8 |
| 8 | 6 | 2 | 5 | | | | 1 | |
| 1 | | | | | | | | |
| | | | | | | 8 | | 3 |
| | 3 | | 7 | | 1 | | | |
| 2 | | | | | | | | |
| | | 8 | | 3 | | 5 | | 2 |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | D | B | F | W | N | E | K | E | Y | B | O | A | R | D | X | E |
| X | B | J | M | Y | O | O | L | T | E | B | X | D | I | K | X | Z |
| W | I | O | P | M | O | F | N | T | U | L | L | E | B | W | O | C |
| E | T | W | W | A | S | R | Q | G | S | K | E | Y | A | L | Y | F |
| U | E | R | S | R | S | M | L | B | A | I | S | L | Q | K | R | I |
| P | D | E | O | I | A | E | A | B | A | W | H | R | U | E | D | A |
| H | K | T | A | M | B | O | U | R | I | N | E | W | N | K | K | C |
| O | W | A | R | B | B | T | D | P | A | D | J | C | N | X | U | I |
| N | V | N | O | A | W | O | I | Y | R | C | H | O | G | I | Q | D |
| I | I | I | V | S | T | C | N | O | L | H | A | T | R | Z | T | O |
| U | O | R | R | S | C | I | C | E | O | N | H | S | K | Z | F | L |
| M | L | A | X | O | G | E | S | R | Y | C | H | I | M | E | S | E |
| G | A | C | L | H | R | D | N | I | K | U | O | Z | U | O | B | M |
| H | Y | O | B | R | I | T | Y | D | R | U | G | Y | D | R | U | H |

BANJO
BASSOON
BOUZOUKI
BUGLE
CHIMES
COW BELL
EUPHONIUM
FRENCH HORN
KEYBOARD
MARACAS
MARIMBAS
MELODICA
OCARINA
PICCOLO
RECORDER
SITAR
TIN WHISTLE
TROMBONE
TUBA
UKULELE
VIOLA

## Colour me in...



## ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| H | A | Y | D | N | I | D | H | D | I | O | G | H | D | C | F | H |
| V | K | S | W | B | M | N | V | U | M | N | R | F | T | T | R | P |
| P | E | S | M | X | E | O | I | T | K | T | I | F | O | A | M | X |
| R | C | U | L | H | R | E | R | C | C | Z | E | S | V | J | O | Q |
| O | W | B | Q | A | A | E | T | H | C | R | G | E | S | U | Z | I |
| K | M | E | K | B | B | R | A | H | E | U | L | G | Z | O | A | D |
| O | H | D | T | U | A | I | B | N | O | O | P | G | Q | F | R | L |
| F | E | A | H | X | K | C | G | Y | K | V | Q | D | T | H | T | A |
| I | U | C | N | O | D | A | H | O | O | Z | E | Z | Z | P | E | V |
| E | S | G | V | D | W | S | T | R | A | V | I | N | S | K | Y | I |
| V | P | S | M | T | E | R | Q | I | D | R | E | V | I | X | M | V |
| N | K | R | R | T | A | L | A | G | L | C | K | W | L | R | A | U |
| Y | B | X | Q | B | K | V | M | H | R | E | L | H | A | M | R | Y |
| F | K | C | H | O | P | I | N | I | W | H | S | R | E | G | N | W |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 7 | 4 | 5 | 1 | 6 | 8 | 3 | 2 | 9 |
| 8 | 9 | 6 | 7 | 2 | 3 | 1 | 4 | 5 |
| 3 | 1 | 2 | 9 | 5 | 4 | 6 | 7 | 8 |
| 4 | 2 | 1 | 8 | 7 | 5 | 9 | 3 | 6 |
| 5 | 6 | 7 | 2 | 3 | 9 | 8 | 1 | 4 |
| 9 | 8 | 3 | 4 | 1 | 6 | 2 | 5 | 7 |
| 6 | 7 | 4 | 3 | 8 | 1 | 5 | 9 | 2 |
| 1 | 5 | 9 | 6 | 4 | 2 | 7 | 8 | 3 |
| 2 | 3 | 8 | 5 | 9 | 7 | 4 | 6 | 1 |

# Medical 911

CMC CRITICAL MEDICAL CARE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

078 699 6995
Private Ambulance Service
info@omrmedics.co.za

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335


# Overberg Houtwerkgilde

Overberg Houtwergilde se byeenkoms van 6 Maart 2025 was aan huis van Jakkals en Mariëtte Scholtz - so op Jakkals se verjaarsdag. Die egpaar het 'n interessante demonstrasie aangebied, waar hulle die maak van skulpe uit hout met 'n wipsaag (*scroll saw*) gedemonstreer het - natuurlik saam met smaaklike verjaarsdag-verversings vir die lede.

Tydens die byeenkoms het die lede 'n proses goedgekeur waarmee hulle lede in moeilike omstandighede gaan bystaan met die verkoop van houtwerkmasjiene, gereedskap en hout. Verdere items



op hulle jaarbeplanning deur hierdie op-en-wakker groep, is onder ander andere: nog besoeke aan lede se werkswinkels tuis; 'n besoek aan Standford Saagmeule om die maak van dakkappe te besigtig; 'n besoek aan Stanford se Byekorf-fabriek; 'n besoek aan die CNC-fabriek in Gansbaai; die aanpak van projekte ter ondersteuning van Gansbaai se gemeenskap.

Belangstellendes in houtwerk, mans en dames, kan Overberg Houtwerkgilde se sekretaris, De Wet Conradie, by 082 826 4411 skakel.

**Hardus Botha**

# Gansbaai Skietklub




***Twee skuts, met voorsitter Andrew McQueen regs van hulle.***

Na sowat 31 jaar gaan dit steeds 'so al skietende' goed met die Gansbaai Skietklub, ondanks baie skade wat al as gevolg van blatante vandalisme en diefstal opgedoen is. Die klub is op 10 Februarie 1994 onder leiding van wyle Alec Kitley gestig. Die enigste oorblywende stigterslid is die 90-jarige Oom Stoney (Rodney) Steenkamp, ondervoorsitter en Erelid. Die klub se bekwame voorsitter is Andrew McQueen.

"Ek kan 'boeke' skryf oor die klub se 31 bestaansjare," het Stoney vertel. "Ons was hier voordat hier enige uitbreidings plaasgevind het." Stoney en Adrie Wessels het ook na al die jare se diefstalle, skades en vandalisme verwys. Die perseel word by Gansbaai Munisipaliteit gehuur, maar die skades wat aangerig word, is die klub se probleem. Die area is onlangs met hoë grondwalle 'omhein', danksy die padbou-kontrakteurs wat hulle oortollige grond netjies rondom die area afgelaai het, waaroor die klublede baie dankbaar is. Heinings en pale is voorheen gereeld óf beskadig óf gesteel.

***Veteraan Stoney Steenkamp (90).***



Kwaaddoeners wat gereeld die skietwalle agter die teikens oopgrawe om lood te soek, kan gerus maar daarmee ophou. "Ons skiet deesdae almal met windbukse," het oom Stoney gesê. "Nou is daar nie meer lood in die skietwalle om uit te grawe nie."

Oefentye is elke Saterdagoggend vanaf 08:30 tot ongeveer 10:30 en kinders met windbukse is baie welkom. Vir navrae kan Adrie Wessels by 084 657 2905 geskakel word.

**Hardus Botha**


MEET the team
OFFICE: 028 205 0100
MICHELLE VAN ZYL
OWNER / ADVERTISING
MICHELLE@GANSBERG.CO.ZA
078 010 8286
MELISSA VAN DER MERWE
GRAPHIC DESIGNER
DESIGN@GANSBERG.CO.ZA
EDITORIAL CONTENT
INFO@GANSBERG.CO.ZA
HARDUS BOTHA
JOURNALIST
INFO2@GANSBERG.CO.ZA
082 786 0494
SASKIA VAN ZYL
ADVERTISING CONSULTANT
SASKIA@GANSBERG.CO.ZA
068 697 9945

# CLASSIFIEDS


**AA – UNITY SERVICE RECOVERY**
ALCOHOLICS ANONYMOUS
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
Hilton Hitge
084 558 1902
*info@ anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings
Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**





**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*
Kontak Deon: 076 838 2890

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R680 per meter (Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies
10 Jaar waarborg op materiaal
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Anice Blindings**
Alle soorte blindings & shutters
Vir GRATIS kwotasie
Skakel 079 438 5929
"view catalogue>whatsapp"

HULP MET VUURWAPENLISENSIES
Riaan Booysen: 074 203 6658
riaanbooysen@webmail.co.za

**BOSMAN VERWERS**
Kontak ons vir 'n kwotasie vir verf van Huise binne/ buite/ houtwerk of dak





Hennie & Elana Bosman
082 570 0907 / 082 533 3580

**Women in Business**





GANSBAAI PROPERTIES
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
We hold the key to your property

CONTACT US TO ADVERTISE:
Michelle van Zyl
078 010 8286
Michelle@gansberg.co.za

Have a story you want to share?
Contact Hardus
082 786 0494
info2@gansberg.co.za




## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Friday 21/03/2025 | Saturday 22/03/2025 | Sunday 23/03/2025 | Monday 24/03/2025 | Tuesday 25/03/2025 | Wednesday 26/03/2025 |
|---|---|---|---|---|---|
| 20° | 20° | 23° | 21° | 21° | 20° |
| Light Breeze 3 m/s from south 20 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south 0 mm precipitation. | Gentle Breeze. 4 m/s from West 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from west 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 7m/s from west 0.7 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 21 March | 0638 | 1918 | 1258 | 0110 |
| 22 March | 0638 | 2049 | 1412 | 0200 |
| 23 March | 0929 | 2305 | 0311 | 1627 |
| 24 March | 1137 | 0020 | 0531 | 1757 |
| 25 March | 1243 | 0107 | 0637 | 1851 |
| 26 March | 1329 | 0147 | 0723 | 1934 |
| 27 March | 1410 | 0200 | 0802 | 2012 |
| 28 March | 0225 | 1448 | 0840 | 2050 |
| 29 March | 0303 | 1526 | 0918 | 2128 |
| 30 March | 0341 | 1605 | 0956 | 2206 |
| 31 March | 0420 | 1644 | 1034 | 2245 |
| 1 April | 0500 | 1725 | 1114 | 2325 |
| 2 April | 0542 | 1810 | 1157 | 0011 |
| 3 April | 0628 | 1903 | 1246 | 0109 |

# Seagulls Netbalspan

Die netbalspan, '*Die Seagulls*' het opnuut 'n uitnodiging aan alle belangstellendes gerig om by hulle te kom aansluit. “Ons is nog goed aan die gang en beplan om op 5 April 2025 in Napier te gaan speel,” het Sylvia Jacobs van die klub gesê. “Dankie ook weer aan die gemeenskap vir jare se ondersteuning en borgskappe.”

Oefentye is steeds elke Dinsdag en Donderdag om 18:00 by Blompark se Sportgronde en almal is welkom. Vir navrae kan Sylvia Jacobs by 082 435 7727 geskakel word.

**Hardus Botha**



**Congratulations to Leon Kluge (right), pictured with Tanya Visser and Tristan Woudberg at the special reveal of Leon's design for the RHS Chelsea Flower Show 2025. This is an excellent design by Leon which holds the hearts and pride of all South Africans. Leon also played a major roll during the 2024 Stanford Chelsea Flower Show.**

**Hardus Botha**

# Gansbaai Gholfklub

**Gholfbaan gesluit: 17-23 Maart**
Die baan is gesluit van 17 Maart tot 23 Maart 2025 (*Hollowtyne*). Cobus Dippenaar & Peet Pretorius het die 4BBB Stableford kompetisie gewen, met Clive Bailey wat die Enkel Stableford Sloegterskompetisie gewen het.

**Woensdag, 12 Maart:**
Clive Bailey wen die Enkel Stableford Sloegterskompetisie met 38 punte, gevolg deur Jacques Louw 37, Alex Mostert 36, Dawie Viljoen 34, Solly Wessels 34, Daan Victor 32, Leon Lombaard 32, Hugo Groenewald 31, Johan Coetzee 31 en Christo Spanellis 31.
Naaste aan pen no 17: Solly Wessels.
Spog Twee (11): Alex Mostert en Daan Victor wen die Boerpotputjies op no's 5, 7 en 15.

**Vrydag, 14 Maart:**
Geen gholf as gevolg van die weer.

**Saterdag, 15 Maart:**
Cobus Dippenaar & Peet Pretorius wen die 4BBB Stableford kompetisie met 43 punte, gevolg deur Hugo Groenewald & Fanus Walters 42, Melvin Tobias & Shane Dean 41, Rene Myburgh & Jacques Louw 41, Johan Coetzee & Daan Victor 40, Pieter Kruger & Leon Lombaard 39, Solly Wessels & Wally van Coller 36, Berty Sassman & Joe Cesare 36, Derrick Rhoda & Edward Roman 36 en Micky Hayward & Dino Loizides 34.
Spog Twee's: Edward Roman (17), Brendan van der Merwe (8), Melvin Tobias (17) en Shane Dean 15.



*Cobus Dippenaar, Peet Pretorius & Clive Bailey*

Naaste aan die pen op no 17 Shane Dean.

**Hollowtyne:**
Die baan is gesluit van 17 Maart tot 23 Maart 2025.

**Verjaarsdae/Birthdays:**
Toyja Peterson (20), Rene Lambrechts (24), Alex Mostert (24), Sakkie van der Merwe (26), Gabriel da Silva (29), Rene Myburgh (30) en George Hunt (30).

**Groete,**
**Johan Coetzee 082 878 0534**

## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care: | 066 222 7219 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |




## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Anthony Melly - 079 523 8478
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Johan Pieterse - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

Sport

ADVERTISE HERE
CALL US
078 010 8286

OK Foods
Tel: 028 384 0001 GANSBAAI
WINKELURE
Maan - Sat
07:00 - 19:00
Sondag
07:00 - 15:00

MYLAND BILTONG

OK Liquor
Tel: 028 384 0001
Mon - Fri
08:00 - 19:00
Saturday
08:00 - 19:00
Sunday
08:00 - 15:00

# Twee Gansbaai-uitblinkers

Twee begaafde 'Gansbaai-meisies' en uitstaande krieketspelers in Gr 12 by Curro Hermanus, Alexa Collins (18) en Elizna van Rensburg (18), het onlangs met die Gans-Berg Nuus op uitnodiging gesels - hulle



*Alexa Collins en Elizna van Rensburg.*

was huiwerig om té veel oor hulself te praat, maar hulle is gerusgestel dat dit nie oor 'spog' gaan nie, daar is baie ander uitblinkers ook wat gereeld in die media kom. Alexa se ouers is Marius en Chrizelda Collins en Elizna se ouers is Heinrich en Maryke van Rensburg.

Alexa het die bekende Krieketskolespan van Curro Hermanus, die *Lady Lions*, gestig en was vir 4 jaar die spankaptein. Elizna het meer onlangs ernstig by krieket betrokke geraak, maar is baie vinnig vir die Suid-Boland Krieketspan gekies - en sowaar in haar eerste Suid-Boland Toernooi as Top Bouler aangewys. Al die o/19's het Suid-Boland Krieket gehaal, met Alexa wat ook vir Boland speel. Sy was ook verlede jaar deel van die Boland Kriekettoer na Durban, KwaZulu-Natal.

In 2024 was die Lady Lions die beste span in die Overberg. Op die meegaande foto is Alexa en Elizna tydens die laaste dag van krieket speel vir hulle in die Lady Lionsspan. Dié twee fokus deesdae voluit op netbal. Ondanks hulle groot liefde vir krieket en sport, word die akademie- en kultuur aktiwiteite beslis nie afgeskeep nie. Hulle is altwee uitstekende presteerders op hierdie gebiede - te veel prestasies om alles hier te noem.

Elizna het onder andere verlede jaar die gesogte kunsbeker, die *Design Trophy* (*Kriptonite*) in die *Curro Create Competition* verower wat aan die begin van 2025 aan haar oorhandig is. Dit word toegeken aan 'n Gr-11 leerder vir '*integrity, dedication and sustained creative*



*Elizna van Rensburg, met 'n kultuurtoekenning*



*Alexa Collins in aksie in haar Overberg Netbalklere.*

*excellence*'. Terselfdertyd is sy 'n uitstekende fotograaf wat die prestige toekenning, *Black Raven*, vir fotografie ontvang het.

Op haar beurt het Alexa Kultuur-erekleure (*Black Raven*) ontvang vir haar deelname in die Streek (1ste) en Provinsiale (3de) vir 'n toespraak wat sy self geskryf het. Dit het oor die noodsaaklikheid en toegangklikheid van biblioteke gehandel. Plus: vanaf Gr 7 (2020) tot Gr 12 (2025) was sy die Suid-Boland Kampioen vir diskus en gewigstoot; 2024 Overberg netbal, 1ste span (o/18); 2025 Overberg netbal (Senior Dames); lid van die Sea Stars Netbalspan wat in 2025 vir die Superliga gekwalifiseer het.

Gansbaaiers kan trots wees op hulle kinders wat gereeld puik prestasies by Curro Hermanus oplewer - laat gerus van julle hoor vir plasing daarvan in die Gans-Berg Nuus.

**Hardus Botha**